# KOERS

TOE „Koers" vir die eerste keer in Augustus 1933 uitgegee is, was dit die voortsetting van die tydskrif „Die Wagtoring" wat in gereorganiseerde vorm onder die druk van die behoeftes van 'n veranderde wêreld en nuwe problematiek verskyn het. Onder die opskrif Redaksioneel lees ons in daardie nommer o.a. „Die reorganisasie is alleen uitwendig-formeel en nie prinsipieel nie. Die grondslag en doel bly onveranderd. Die blad in sy nuwe vorm stel hom nog presies op dieselfde grondslag as Die Wagtoring, nl. op die grondslag van die Heilige Skrif. Ook wat die doel betref is daar geen verandering nie. Die blad, tog, wil ook in sy nuwe vorm presies dieselfde doen as wat Die Wagtoring gedoen het; dit wil die beginsels van die Heilige Skrif volgens die interpretasie van die Calvinisme propageer op die verskillende terreine van die lewe".

Verder aan stel die stuk dat die blad wil trag om koers in 'n uiters verwarde wêreld aan te dui volgens „die beginsels van Gods heilige openbaring, asook in die lig van ons eie Christelike volksverlede".

Hierdie reorganisasie het meer uitgawes per jaar meegebring wat moontlik gemaak is deur uitgebreider finansiële steun van die kant van sekere persone wat bekend gestaan het as die lede van „Koers". Hulle het groter geldelike verpligtinge as die intekenare van die blad gedra.

Die uitgawe van „Koers" oor die jare was voorwaar 'n heroïese daad van 'n gideonsbende. Tot 1970 het die blad gereeld verskyn. Hierna het daar 'n onvoorsiene en baie moeilik definieerbare opset ontstaan wat die blad tot stilstand gebring het, nou reeds vir drie jaar lank. Die stilswye het hoegenaamd niks met die karakter en doelstelling van die blad te maak nie omdat daarin geen verandering gekom of begeer was nie. Dit was meer die gevolg van 'n organisatories-administratiewe probleem met 'n finansiële inslag.

Die koste aan die publikasie van „Koers" verbonde het bestendig gestyg — en daarby het dit al meer en meer ondoenlik geword om van 'n klein groepie persone te verwag om die groter wordende laste te dra — sodat die beheer van die blad meer en meer aangewys was op 'n vennoot wat op permanen-

ter grondslag die laste kon verlig. Die PU vir CHO was kragtens sy hele opset hiervoor die aangewese medestander.

Nadat die saak etlike kere baie ernstig deur die „eienaars" van „Koers" bespreek is, het die volgende opset uitgekristalliseer. „Koers" word nou die saak van die Universiteit wat dit aan daardie groep van sy personeel (akademies sowel as administratief) wat die nodige belangstelling toon, opgedra het om die uitgawe van die blad met alles wat daarmee saamhang — uitgesonderd die finansiële en die tegnies-administratiewe — te behartig. Hulle kies dan die nodige bestuur — redaksie — daarvoor en sien toe dat die blad sy voortgang het.

Laat dit baie duidelik wees dat hierdie redaksie en diegene wat hulle daargestel het volkome in beheer van die blad sal wees. Die Universiteit stel slegs een eis en dit is dat die beginsel soos vervat in die doelstelling wat reeds in 1933 geformuleer is, gehandhaaf sal word. As hiervan afgewyk word, sal „Koers" geen bestaansreg meer hê nie. Die PU vir CHO laat die uitgawe van hierdie gevierde blad met vertroue in die hande van sy personeel wat daarin belangstel. Onnodig om te sê is die Universiteit ook nie verantwoordelik vir wat in die blad gepubliseer word nie.

In die nuwe bedeling sal daar net soos in die verlede nog steeds die geleentheid wees om op „Koers" in te teken, trouens, daar sal 'n ernstige poging aangewend word om 'n wye leserskring te werf. Net so sal die geleentheid om donasies aan hierdie blad te skenk, nog bly voortbestaan, en ons hoop dat ook op hierdie vlak die nodige belangstelling daar sal wees. Die algemene publiek sal mettertyd genader word met die nodige inligting.

Soos reeds gesê bly die doelstelling van die verlede vandag nog geld; hiervan mag nie afgewyk word nie omdat die bestaansreg van „Koers" geheel-en-al hiervan afhang. Die redaksie sal dan die huidige behoeftes moet peil en bepaal hoe die blad die problematiek van ons dag moet benader. Dit mag meebring dat die blad mettertyd 'n ander opset en voorkoms sal hê — ek is van mening dat dit so sal moet wees as dit wil voorsien in die behoeftes van ons tyd — maar die grondbeginsel sal onveranderd moet bly.

In die verbygaan wil ek net noem — sonder om daarmee die redaksie te kompromiteer — dat dit sonder twyfel op die weg van „Koers" lê om op een of ander wyse sterker tot die

internasionale wêreld te spreek as wat tot hiertoe die geval was. So is daar ook al geredeneer dat daar daarvoor waarskynlik internasionale nommers sal moet wees wat van die Engelse taal gebruik maak. Nuwe tye bring nuwe dinge maar nie nuwe beginsels nie.

Na drie jaar word die leisels dan weer ferm vasgevat en die nummering van „Koers" gaan aan vanwaar dit laas opgehou het. Die jare tussenin het kronologies verloop maar dit laat geen hiaat in die gees van „Koers" nie — die pad vorentoe sal nog steeds wees 'n poging tot aanduiding van die koers in die lig van die onfeilbare Woord van God net soos wat Die Wagtoring van veertig jaar gelede dit gedoen het.

Met vertroue plaas die PU vir CHO en met name die belangstellende personeel wat toetree om deel te hê aan „Koers" die saak in die hande van die nuwe redaksie. Mag hulle net so besiel wees soos die jong manne wat in 1933 die eerste „Koers" van wal gestuur het. Hulle kan dit doen en ek twyfel nie daaraan dat hulle dit ook sal doen nie.

Ons allerbeste wense vergesel „Koers" op die ou-nuwe pad.

H J J Bingle,
Rektor, PU vir CHO